**10 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 71**
**Fokusgedeelte: Psalm 71:4**

**Ek het my siel vergeet! Verskriklike woorde!**

Ouers wat teleurgesteld is as hulle kinders swak uitdraai, kan teruggaan in hulle geskiedenis: was dit nie juis húlle wat vergeet het dat ’n kind ook ’n siel het nie? *“Ag wat, die moederskamer is so rumoerig, dit help nie ek gaan kerk toe nie.” “My kinders is nog te klein, hulle verstaan in elk geval niks.”*
Sonder huisgodsdiens, geloofsvoorbeeld en katkisasie laat ouers nie ’n steen onaangeraak om net die beste vir hulle kinders te bied nie, doen hulleself te kort. Neem hulle op vakansie, uitstappies, fliek toe ... maar bring hulle nie by God uit nie.
Die grote God wat deur sy almag alles onderhou, is die uitsonderlike Onderwyser vir klein kindertjies. Kyk na die lesinhoude wat Dawid as kind geleer het – en noudat hy oud geword het, val hy met ’n geruste hart daarop terug: *“Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie ...”*

- God het hom die waarde van sy siel geleer. Ons versorg ons liggaam ure lank, reinig dit, oefen, eet gesond ... en heelwat later onthou sommiges dalk dat hulle ook ’n siel het en moet sterf.
- Waardeer die wêreld reg sonder om die lewe te oorskat of partytjie-“freaks” te wees wat vergeet dat jy ’n siel het.
- Wie sy siel vergeet, het ook probleme met sonde, want sonder die Heilige Gees is alles gangbaar, veroorloof.
- Hy’t geleer hoe om te lewe en hoe om voorbereid te sterf. Ons leer nie hóé om te sterf nie. As ons begrafnisstoet deur die strate ry met motors se helder kopligte aan en daar gepraat word oor die begaafde mens, geleerd en geroemd, ryk en welvarend ons was – as ons maar geleer het hoe om vir die Here te lewe en vir Hom te sterwe!

Ons roem in sy magtige teenwoordigheid!

*Sing: Psalm 146:1*

*Dr. PK Lourens (Bloemfontein)*